

8 Oktober

Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van die Here is

**Skrifgedeelte: Matteus 5:1-11
Fokusgedeelte: Matteus 5:3**

Hoe heerlik anders as wat ons dink is die evangelie nie! Hoe bevrydend anders as die gewone is dit nie!

Die eerste saligspreking sê dit al. Die heel eerste ding wat 'n mens moet besef om salig te wees, is om te weet dat ek nie self kan nie. Dat ek heeltemal van die Here afhanklik is.

Vir sommige mense vat dit 'n leeftyd om dit te besef. Sommiges moet eers tot stilstand geruk word deur siekte of trauma voor ons dit besef. Ander moet wag tot hulle weens ouderdom in 'n siekeboeg versorg word. Paulus moet met 'n doring in die vlees geleer word. Ander leer dit nooit.

Baie gestremdes weet dit egter. Hulle kan nie anders nie. Hulle is hulle hele lewe lank afhanklik. Om hulp te vra, is tweede natuur.

Hulle wat die afhanklikheid van die Here besef, is die saliges, die gelukkiges. So belowe die Here. Aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Hulle behoort aan 'n Koning wat soos 'n Vader vir hulle sorg. Hulle weet dat hulle nie aan die wêreld en sy gebrokenheid en onvolmaaktheid en vooroordele behoort nie. Hulle sien uit na die vervulling van die belofte van 'n ander lewe. 'n Ewige lewe waar daar nie meer gebreke en swakhede en gestremdheid sal wees nie. Waar daar nie meer trane sal wees nie.

Met jou is dit nie anders nie. Ook jy is afhanklik van die Here. Ook vir jou wat die afhanklikheid erken, geld die heerlike belofte. Ook aan jou behoort die koninkryk van die hemel.

Geseënd is jy as jy 'n gelowige, gestremde mens ken wat jou hieraan herinner.

Sing: Sb 16-1:1-3

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)